Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# VERBRUIKERSTUDIES
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 200**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 15 bladsye.

## VRAAG 1 (KORTVRAE)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B ✓ | | (1) |
| | 1.1.2 | D ✓ | | (1) |
| | 1.1.3 | A ✓ | | (1) |
| | 1.1.4 | C ✓ | | (1) |
| | 1.1.5 | C ✓ | | (1) |
| | 1.1.6 | A ✓ | | (1) |
| | 1.1.7 | D ✓ | | (1) |
| | 1.1.8 | B ✓ | | (1) |
| | 1.1.9 | A ✓ | | (1) |
| | 1.1.10 | C ✓ | | (1) |
| | 1.1.11 | B ✓ | | (1) |
| | 1.1.12 | D ✓ | | (1) |
| | 1.1.13 | C ✓ | | (1) |
| | 1.1.14 | D ✓ | | (1) |
| | 1.1.15 | C ✓ | | (1) |
| | 1.1.16 | B ✓ | | (1) |
| | 1.1.17 | A ✓ | | (1) |
| | 1.1.18 | A ✓ | | (1) |
| | 1.1.19 | D ✓ | | (1) |
| | 1.1.20 | B ✓ | | (1) |
| | | | (20 x 1) | (20) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | C ✓ | | (1) |
| | 1.2.2 | E ✓ | | (1) |
| | 1.2.3 | G ✓ | | (1) |
| | 1.2.4 | B ✓ | | (1) |
| | 1.2.5 | H ✓ | | (1) |
| | 1.2.6 | D ✓ | | (1) |
| | 1.2.7 | J ✓ | | (1) |
| | 1.2.8 | K ✓ | | (1) |
| | | | (8 x 1) | (8) |

1.3 C ✓
D ✓
F ✓ (Enige volgorde) (3 x 1) (3)

1.4 A ✓
B ✓
E ✓ (Enige volgorde) (3 x 1) (3)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.5 | 1.5.1 | Fortifisering ✓ | | |
| | 1.5.2 | Basale metabolisme ✓ | | |
| | 1.5.3 | Kruiskontaminasie ✓ | | |
| | 1.5.4 | Chemiese kontaminasie ✓ | | |
| | 1.5.5 | Nie-essensieel / luukses ✓ | | |
| | 1.5.6 | Bruto ✓ | (6 x 1) | (6) |

**[40]**

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

2.1 2.1.1 **Produk of Dienste**

Beide ✓ bestelling van geskenk / aflewering is ŉ diens wat aangebied word ✓ en die blommerangskikking/blomme en sjokolade is die produk ✓ (3)

2.1.2 **Voordele van aanlynaankope**

Sy kan:

- Aankope doen buite normale werksure, gerieflikheid ✓
- Doen aankope uit die gemak van haar huis / van enige plek ✓
- Trek voordeel uit die laer pryse / spesiale aanbiedinge / verminder uitgawes ✓
- Vergelyk pryse gou / maklik ✓
- Gebruik toeps om die beste pryse te soek ✓
- Kry groter verskeidenheid / opsies ✓
- Bespaar tyd ✓ (Enige 1 x 1) (1)

2.1.3 **K.M.B.**

(a) Kontant met bestelling ✓ (1)

(b) Debietkaarte word beskou as kontant/aanvaar as kontant ✓ / as die transaksie betaal aan die verkoper/besigheid onmiddellik / geld onmiddellik van die kaarthouer bankrekening afgetrek ✓ Goedere moet onmiddellik betaal word wanneer dit bestel word. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

2.1.4 **Reg om te kla**

Sy was in haar reg omdat:

- Die blomme / geskenk / rangskikking het nie gelyk soos die aanlyn advertensie nie / was beskadig / die stingsels was gebuig en van die sjokolade was weg / hulle was nie in ŉ bevredigende toestand nie / was van swak gehalte. ✓
- Dit is nie betyds afgelewer nie / dit moes op Sondag afgelewer wees / het Maandag arriveer / die dienste was onbevredigend / die maatskappy het nie hulle ooreenkoms / belofte nagekom nie. ✓
- Sy het dit bewys toe sy die foto van die rangskikking ge-epos het. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

2.1.5 **VBW**

- Dit is ontwerp om die verbruiker te bevoordeel
- Dit gee die verbruiker die reg om gehoor te word / te kla ✓
- Dit sal haar beskerm teen ŉ misleidende advertensie
- Regverdige informasie / inligting in verband met die blomme was duidelik
- Die VBW beskerm die regte van die verbruikers / Dit stipuleer die verbruikersregte wanneer goedere en dienste gekoop word / gee sleutel verbruikersregte ✓
  **OF** aanvaar voorbeelde: sy het die reg om die ruiker te kies wat sy wil hê / eerlike onderhandelings

- Terme en voorwaardes moet regverdig wees / die doel is om eerlikheid tussen die verskaffer en die verbruiker te skep
- Dit gee die verbruiker ✓ (Nonsindiso) die reg om goedere wat ondergeskik is terug te bring /minderwaardig / jy het die reg tot kwaliteit goedere ✓
  **OF** aanvaar voorbeeld: sy het die reg om die blomme in 'n goeie toestand te ontvang en ontvang die terugbetaling van die koopprys, mits die maatskappy 'n terugneembeleid het ✓
- 'n Reg tot die diens aangebied / aanspreeklikheid van die verskaffer / betydse aflewering ✓ (Enige 2 x 1) (2)

2.2 **Stats SA en uitgawepatrone**

2.2.1 **Doel van Stats**

Om inligting in te win:

- Oor mense van die land
- Hulle inkomste
- Hul spandeerpatrone / uitgawepatrone
- Belangrike data oor bevolkingsgrootte
- Geografiese ligging
- Toegang tot dienste
- Om die pad vorentoe te beplan / help met die toekoms
- Leer uit vorige foute
- Bemarking of adverteringdoeleindes
- Die VPI opdateer / inflasie meet

*Aanvaar spesifieke voorbeelde: Twee punte mag toegeken* word
Om uit te vind waar die mense woon / die tipe huise waarin hulle bly / stedelike en nie-stedelike inwoners, hulle huistaal, ouderdom, waarop hulle hul geld spandeer, toegang tot water en elektrisiteit, inkomste en uitgawes van verskillende rassegroepe, mense wat in verskillende provinsies woon, ens. (Enige 2 x 1) (2)

2.2.2 **Uitgawe groep: Gesondheid**

- Mediese koste het verhoog / gestyg ✓
- Verbruikers prioritiseer belangrike goedere soos behuising en voedsel as belangrik vir oorlewing en is ook die belangrikste uitgawes ✓
- Vir baie Suid-Afrikaners is dit onbekostigbaar om na 'n dokter vir mindere kwale te gaan / of net vir 'n verkoue ✓– dokters tweede hoogste % verhoging ✓
- Hulle verkies eerder om oor die toonbank / self-medikasie te koop want hulle kan nie vir medikasie en konsultasie betaal nie ✓
- Hulle gaan slegs na die tandarts in noodgevalle / verhoging bo 5% ✓
- Mediese hulpfonds toon die hoogste verhoging 8,3% ✓
- Verbruikers kan nie mediese fondse bekostig nie ✓ / of hulle kies laer dekking / dink twee keer voor hulle vir 'n prosedure bespreek
- Mense moet staatmaak op die kliniekbesoek waar die medikasie / besoeke gratis is ✓

- Mense sal na staatshospitale gaan eerder as privaat hospitale waar dit duur is – verhoog met 4,5% ✓

**LET WEL:** *Die antwoord is 'n riglyn – aanvaar logiese redenasie volgens die denkrigtings. Persentasie word gemerk wanneer met 'n verduideliking gebruik is*

(Enige 5 x 1) (5)

2.2.3 **Uitgawegroep: Vervoer: Hoër en laer inkomstegroepe**

- Die armes (laer inkomste) sal meer betaal vir publieke vervoer / taxi soos wat die petrol verhoog (0,3%) sal die tariewe verhoog ✓
- Hulle moet werk toe gaan so hulle kan nie bekostig om sonder vervoer te wees nie ✓ **Maks. 2**
- Die rykes (hoër inkomste) sal nog steeds nuwe motors koop, om dit in stand te hou / diens (motorbande) 0,8% ✓
- Sal nog steeds werk vakansiebesteming toe ry/petrol gebruik ✓
- Daarom sal brandstof nog steeds 'n hoof uitgawe wees
- Hulle sal nog steeds reis vir sake, motors sal nog steeds gehuur word (7,3%) by die lughawe nadat hulle gevlieg het **Maks. 2**

(*Persentasie word gemerk met 'n bespreking*) (2 x 2) (4)

2.3 **Gevallestudie begroting en krediet**

2.3.1 **Voordele**

- Voorkom om in skuld te verval / betaal jou skuld af / leef binne jou inkomste ✓
- Om jou finansiële doelwitte te stel en te bereik ✓
- Om te sien hoeveel geld jy beskikbaar het om te spandeer op dinge / om te sien hoeveel geld jy beskikbaar het ✓
- Om 'n spaarplan te begin ✓
- Om jou teen onverwagte uitgawes te beskerm ✓
- Bly in beheer oor hoe jy jou geld spandeer en jou uitgawes te verminder ✓
- Om jou die waarde van geld te leer ✓
- Om onnodige en impulsiewe aankope te verminder ✓
- Om te sien hoeveel krediet jy kan bekostig en dit terug te betaal ✓

(Enige 3 x 1) (3)

2.3.2 **Gevolge van krediet**

- Aan die einde sal hulle meer vir die TV en DSTV 'explora' as hulle dit afbetaal (betaal rente), betaal ✓
- Hulle sal meer betaal want hulle kwalifiseer nie vir 'n kontantafslag nie ✓
- Geld wat hulle vir ander behoeftes gebruik kon word, word nou aan krediteure betaal hulle sal nie geld vir ander belangrike dinge het nie ✓
- Hulle het nie nodig gehad om 'n nuwe TV koop nie / koop items wat hy nie nodig het nie ✓
- Hulle kon mislei word om 'n duurder TV te koop / is omgepraat om 'n beter model te koop want betaal in paaiemente ✓

- As hulle nie die klererekening betyds betaal nie, word rente gevra. ✓
- Dit is maklik om beheer te verloor oor jou besteding en onnodige klere-items te koop / versoeking om te koop / te maklik om klere op ŉ winkelkaart te sit as jy nie kontant beskikbaar het nie. ✓
- Betaling kan ŉ las op die begroting wees / maklik om die begroting te oorskry. ✓
- Onvermoë om krediet/skuld te betaal ✓
- Ernstige geval – swartlys – mag nie meer krediet in die nabye toekoms kry nie ✓
- Dit kan na vermorsing van geld lei wat jy kon spaar en rente ontvang/dek onvoorsiene uitgawes ✓ (Enige 3 x 1) (3)

2.3.3 **Beginsel van begroting: Assesseer behoefies en doelwitte**

- In ŉ begroting moet die behoeftes eers vervul word en dan die begeertes / behoeftes kom eerste / maak seker dat jy die items nodig het en dit nie ŉ begeerte is nie.
- Jou basiese behoeftes is die eerste twee vlakke van Maslow se hiërargie / prioritiseer fisiese behoeftes, veiligheid en sekuriteit ✓
- Doelwitte – stel vir jou finansiële doelwitte / spaar om doel te bereik ✓
- Besluit of die gesinsvakansie ŉ kort- of langterm doel is ✓

(Enige 2 x 1) (2)

**[30]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Artikel: '*Tips to kickstart your health'***

3.1.1 (a) **EEN mineraal**
- Kalsium ✓
- Magnesium
- Yster
- Sink
- Mangaan (Enige 1 x 1)

**TWEE vitamiene**
- Vitamien $B_2$ ✓
- Riboflavien ✓
- Foliensuur
- Folaat ('folate')
- Folasien ('folacin')
- Niasien ($B_3$ $B_5$)
- Vitamien A (retinol)
- Vitamien K (Enige 2 x 1) (3)

(b) Veselperske ✓ (1)

3.1.2 **Water: Funksie**

(a)
- Vervoer $O_2$ en $Co_2$ ✓
- Vervoer voedingstowwe ✓ (Enige 1 x 1) (1)

(b) **Liggaamstemperatuur**
Beheer/kontroleer liggaamstemperatuur deur sweet / koel die liggaam af / uitstraling deur veloppervlakte
**OF**
Voorkom 'n styging in temperatuur wanneer hitte geabsorbeer is ✓ (Enige 1 x 1) (1)

3.1.3 **Soorte koolhidrate**

(a) Fruktose ✓

(b) Koeldranke, sjokolade, lekkers, roomys, stroop, heuning, konfyt, tert en enige ander voorbeelde ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte voorbeelde)** (Enige 2 x 1) (2)

3.1.4 (a) **Plantproteïene**
Kekerertjies, lensies, droë bone, sojaboneprodukte, neute, sade ✓✓ (Enige 2 x 1) (2)

(b) Onvolledig ✓(Lae biologiese waarde)
- Sekere essensiële aminosure ontbreek ✓
- Het 'n lae biologiese waarde ✓
- Help nie met die groei van weefsels nie ✓

***LET WEL:*** *As die leerder soja antwoord – merk vir volledig*
**OF**

Volledig ✓(Hoë biologiese waarde)

- Het al 8 essensiële aminosure ✓
- Het 'n hoë biologiese waarde ✓
- Kan groei ondersteun ✓ (3)

(c) **Dierlike proteïene**
Dierlike proteïene bevat versadigde vette ✓ en cholesterol ✓ wat die bloed cholesterolvlakke verhoog ✓ en verhoog die risiko van die hart ✓ en die vet akkumuleer in die arteries ✓ (Enige 3 x 1)

Proteïenryke voedsel is hoog in vet ✓ byvoorbeeld gebraaide hoender het vet in die vel en is hoog in kJ ✓ wat tot oortollige vet in die liggaam kan lei. ✓ (Enige 3 x 1) (6)

3.1.5 **Vitamienaanvulling**

- Volg 'n vegandieet ✓
- As baie min kos geëet word ✓
- Wanneer jy siek is / veg teen verkoue / griep afgemat / nodig om die immuunstelsel te versterk ✓
- Na operasie / herstel van brandwonde ✓
- Bejaardes / eet nie reg nie ✓
- Op medikasie en het 'n effek op die absorpsie van vitamiene ✓
- Swangerskap ✓
- Herstel na strawwe sport / oefening ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.2 **Ontbyt-spyskaart – Swanger vroue**

3.2.1 SPYSKAART 2 ✓

| | |
|---|---|
| Lemoensap | Water / vloeistof / vitamien C (askorbiensuur) ✓ |
| Omelet/eiers | Proteïen ✓/ yster |
| Maalvleis | Proteïen ✓/ yster/ foliensuur |
| Maaskaas | Kalsium ✓/ Vitamien D (kalsiferol) |
| Volgraanbrood-vesel | koolhidrate/ energie /foliensuur |
| Melk | Kalsium ✓/ Vitamien D (kalsiferol) |

(1 punt + 6) (7)

3.2.2 (a) **Redes om alkohol te vermy gedurende swangerskap**
Alkohol gaan deur die plasenta na die foetus ✓
Baba word gebore met Fetale alkoholsindroom ✓ en die kind sal verstandelik gestremd / vertraagde groei / fisiese abnormaliteit / oë veranderinge / gesig abnormaliteit / skedelabnormaliteit ✓✓
(Enige 2 x 1) (2)

(b) **Gewigsverlies van lakterende moeders**
Borsvoeding is veeleisend en benodig energie ✓
Die maak van die volume melk vereis energie ✓
Die vet wat gedurende swangerskap geakkumuleer het voorsien kJ ✓ en word op gebruik ✓
Sy verhoog nie haar energiebehoefte genoeg vir die aanvraag nie ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.3 **Gevallestudie: Voedselkontaminasie**

3.3.1 **Simptome**
Abdominale pyn / maagpyn ✓
Braking ✓
Diarree ✓
Naarheid ✓ (Enige 3 x 1) (3)

3.3.2 Jy verloor vloeistof deur braking en diarree ✓ die liggaam verloor ander belangrike minerale / elektroliete / soute / glukose. ✓ (2)

3.3.3 **Oorsake van voedselvergiftiging**
Voedsel by kamertemperatuur / warm temperature vir langer tyd / voedsel nie koud/koel gehou nie. ✓
**LET WEL:** Moenie beurtkrag / kragonderbreking aanvaar nie. (1)

3.3.4 **Mediese behandeling**
- Sit op drup ✓
- Skryf antibiotika voor
- Medikasie vir braking / diarree en koors ✓
- Gee orale / mondelings rehidrasie-soute ✓ (Enige 1 x 1) (1)

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Ontwerpbeginsel: Balans**

4.1.1 **Tipe Balans**
A – informeel / assimmetries ✓
B – formeel / simmetries ✓ (2)

4.1.2 **Informele balanstoepassing**
Beide kante van die sentrale punt / denkbeeldige sentrale vertikale lyn ✓ is nie dieselfde nie / nie-identies / nie spieëlbeeld nie, ✓ maar die balans is visueel / dra dieselfde visuele gewig ✓

Die ritssluiter ✓ op die linkermou teenoor die sak ✓ op die regtermou trek dieselfde hoeveelheid aandag / balanseer mekaar uit / gee die illusie dat dit dieselfde is / is nie dieselfde nie, maar het dieselfde gewig ✓ (6)

4.2 **Ontwerpelemente: Tekstuur**

4.2.1 (a) **Beskrywing en effek van lig**
Skets A – sag, wollerig, harerig ✓✓
Skets B – glad, blink, ferm ✓✓ (2 x 2) (4)

(b) Reflekteer lig, ✓ vertoon ligter in kleur ✓ en dit is meer sigbaar ✓
(Enige 2 x 1) (2)

4.2.2 **Definisie van tekstuur**
Beskryf die oppervlak kwaliteit van voorwerpe ✓ jy kan dit sien en voel / dit kan visueel of tasbaar wees ✓ (2)

4.3 **Liggaamsvorms**

4.3.1 **Liggaamsvorm in skets C**
Omgekeerde driehoek / V-vormig (1)

4.3.2 **Liggaamsvorm D**
Die persoon het ŉ ronde vorm in die middel met ŉ kort baadjie ✓wat by die heup eindig ✓ sal die aandag na die middelarea trek. ✓

**OF**

ŉ Langer baadjie ✓ sal beter wees want dit dra die oog verby die middellyn ✓ en die dik dye. Die gordel en soomlyn van die bostuk vestig aandag op die middel. ✓/ Dra lospassende klere ✓
Aandag moet op die skouers gevestig word en die ronde neklyn doen dit nie. ✓

**OF**

Aandag moet weg van die middellyn ✓ geneem word soos deur ŉ laer halslyn / v-nek ✓ (Enige 4 x 1) (4)

4.3.3 **Liggamsvorm A**
**Bloes C**
Aandag word gevestig op die skouers om met die breër heupe te balanseer ✓
Die bloes bring ŉ horisontale lyn om die skouers te verbreed ✓/ skep wydte / het interessante detail op die skouer ✓

***LET WEL:*** *Aanvaar ook ander opsies as die 2 opsies uitgelaat/weggelaat is*

In A / B die V-neklyn en vertikale strepe trek die aandag weg van die skouers en hulle word nog meer vernou. (3)

4.4 **Twee veseleienskappe**

**Hitte sensitiwiteit** – is wanneer die vermoë het om hitte wat deur die kleedstof beweeg te weerstaan. ✓ Dit is ŉ swak geleier van hitte. ✓ Die vesel sal die hitte vasvang so die trui in **PRENT A** sal die liggaam in die winter en op koue dae warm hou. ✓

**Hittegeleiding** – Is die vermoë van die stof ✓om die hitte deur te laat. Dit is ŉ goeie geleier van hitte. ✓ Die hitte beweeg weg van die liggaam so die rok in **PRENT B** – sal die liggaam koel hou op warm somerdae. ✓

(3 + 3) (6)

***LET WEL:*** *2 punte vir die verduideliking en 1 punt vir die verwysing na die prent.* **[30]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 **Vloerplan**

5.1.1 **Argitektoniese simbole**
A – skuifdeur ✓
B – toilet ✓ (2)

5.1.2 **Verkeersvloei – negatiewe aspekte**
- Die verkeersvloei gaan deur die sosiale area (aktiwiteit-area) in die leefkamer/onderbreek die mense wat TV kyk ✓
- Daar is ŉ obstruksie van die leefkamer na die kombuis ✓
- Die eettafel is in die pad ✓ (Enige 2 x 1) (2)

5.1.3 **Werksone**
- Kombuis ✓
- Spens ✓
- Waskamer ✓ (Enige 2 x 1) (2)

5.1.4 **Stoorplan**
Bedtafel ✓ inloopkas ✓/ gebied met kaste ✓
spieelkas/ laaikas / lessenaar / ekstra klerekas ✓
***LET WEL:*** *Aanvaar enige logiese antwoord.* (Enige 3) (3)

5.1.5 **Noordaansig**
Onder ✓
In die winter is die son op die dek waar dit onthaal word en dit loop in die leefkamer in ✓
Sal inkom in die slaapkamer en dit opwarm ✓
*Moenie ander kant aanvaar nie, want daar is geen vensters aan die ander kant nie.*
(1 punt – posisie)
(+ 2 punte – redes) (3)

5.2 **Skets**

5.2.1 **Koel kleurskema**
(a) Die kamer is baie warm ✓ (koel kleure gee ŉ gevoel van koelheid)
Die kamer is klein ✓ (koel kleure wek die indruk dat die kamer groter vertoon) meubels lyk kleiner
Die atmosfeer wat jy wil skep (koel kleure – ontspanne, rustige effek
(2)

(b) Blougroen en groen **OF** bloupers en pers **OF** bloupers en blougroen ✓✓ (2)

5.2.2 **Dominante vorm**
Reghoekig ✓
Vensters, bedkassie, onder bed, mat, rugkant van boeke, bergingseenheid, kasdeure, blindings ✓✓✓

**OF**

Vierkantige ✓
Fotorame op die muur, rame op die rak, vierkantige hokkies binne die stooreenheid, vierkantige speelblokkies ✓✓✓

Vorm (1)
Voorbeelde (3) (4)

5.2.3 **Gebruik van vertikale lyne**
Die lyne word herhaal ritme deur herhaling ✓ en dit sal die oog na verskillende dele in die kamer lei ✓ oog word van die kant van die prent na die blinding na die vensterraam na die boeke tot by die kussing, kante van die stooreenheid ✓– om beweging te skep gelei ✓ (4)

5.2.4 **Hoë plafon oplossing**
Verander blindingmateriaal na horisontale lyne ✓ bring ŉ gordynkap in, ✓ verf die plafon ŉ donkerder kleur ✓ (2)

5.2.5 **Meubelmateriaal – plastiek of hout**

(a) **TWEE voordele hout en plastiek**
Sterk ✓ duursaam / ✓hou lank, ✓ stewig ✓ (Enige 2 x 1) (2)

(b) **EEN nadeel vir die gebruik van plastiek**
Nie bio-afbreekbaar ✓ nie
Word dof na langdurige gebruik ✓ (Enige 1 x 1) (1)

(c) **EEN verbruikersverantwoordelikheid**
Besoek verskillende winkels ✓/vergelyk pryse ✓/ neem jou begroting in ag ✓/ lees die kontrak ✓/waarborg ✓/winkel met goeie reputasie ✓/vind uit oor terugneembeleid ✓
Indien op krediet koop/vind uit oor die kredietterme. Kyk na ekstra kostes, byvoorbeeld aflewering ✓/kyk na meubelkonstruksie ✓ (Enige 1 x 1) (1)

**[30]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 **Gevallestudie**

6.1.1 **Besigheidsidee**
Sy het 'n passie ✓
Sy was versigtig / wys met finansies (huur 'n stalletjie eerder as om duurder winkelspasie te huur ✓
Het haar berekeninge gedoen ✓ (Enige 1 x 1) (1)

6.1.2 **Konseptoetsing**
Bekendstelling van die produk aan die verbruiker ✓ vind uit wat hulle dink van die produk ✓ byvoorbeeld toe sy die vraelyste uitgegee het ✓ (2)

6.1.3 **Bemarkingsamestelling**
Plek ✓– kunsmark ✓
Produk ✓– Meng jouself gesondheidsbrood ✓
Prys ✓– R25,00 ✓
Mense ✓– Diegene wat die brood sal koop ✓ (Enige 3 + 3) (6)

6.1.4 **Kernbeginsels van bemarking**
(a) **Teiken spesifieke mark**
Deur die vraelyste te loods / vind uit oor die spesifieke ✓ behoeftes van die verbruiker / sy moet fokus op hulle behoeftes / bevredig hulle behoeftes ✓ / het die regte produk ✓
Sy kan hulle aandag trek met die spesifieke tipe produkte / wat uitstaan van die gewone ✓
Spaar op onnodige uitgawes en kostes ✓ (Enige 2 x 1) (2)

(b) **Groei netwerke en opbou van verhoudings**
Sy glo daaraan om langtermynverhoudinge op te bou met die verskaffers en kliënte / kommunikasie is belangrik ✓
Dit sal help dat kliënte terugkom / bly getrou / verseker sukses ✓/ mond tot mond (word to mouth) advertensie het haar verkope 'n hupstoot gegee ✓ (Enige 2 x 1) (2)

6.1.5 **Produklewensiklus (stadiums)**
Bekendstelling-stadium ✓
Verkope is laag ✓
Verbruikers raak meer bewus van die produk / hulle weet nie van die produk nie ✓
Klem is op die opbou en aanvraag na die produk / vestig die mark / nodig om te adverteer ✓
Adverteringskostes is hoog ✓
(Stadium – 1 punt)
(Enige 2 feite – 2) (3)

6.1.6 **Advies**
Lesly moet meer adverteer ✓ want dit is die volwasse stadium ✓ daar is ander kompeteerders wat kompeteer vir mark aandeel en haar kliënte moet herinner word aan die produk ✓
Om belangstelling te stimuleer moet sy nuwe tipe broodmengsels uitbring / variasie van haar reeks / om die produk te verbeter / en dan die produk aan te pas ✓
Verander die verpakking / die houer ✓
Sy moet kennis dra van haar mededingers om bewus te wees van hoe sy die mededingende voordeel kan herwin ✓
Sy kan weer 'n opname doen by die verbruikers en bewus word van die nuutste neigings

**LET WEL: -1 as dit nie in paragraafvorm is nie** (Enige 6 x 1) (6)

6.2 **Berekeninge**

6.2.1 **Tipe uitgawe: brandstof**
Oorhoofse ✓ of veranderlikes (1)

6.2.2 **Wins 65%**
R65,00 + R25,00 = R90,00 ✓

R90,00 x $\frac{165}{100}$ = R58,50 ✓

R90,00 + R58,50 = R148,50 ✓ ÷ 5 ✓ = R29,70 ✓

**OF**

R65,00 + R25,00 = R90,00 ✓ ÷ 5 ✓ = R18,00 ✓

R18,00 x $\frac{165}{100}$= R11,50 ✓

R18,00 + R11,70 = R29,70 ✓

**LET WEL: -1 as die R-waarde nie in die finale antwoord verskyn nie** (5)

6.2.3 **Wins 20 houers**
R11,70 x 20 ✓ = R234,00 ✓

**OF**

R58,50 (5 houers) x 4 ✓ = R234,00 ✓

**LET WEL: -1 as die R-waarde nie in die finale antwoord verskyn nie** (2)
**[30]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou